

Lêerno.: 17/2/2/1
Verwysing: 20240618-4690

Omsendbrief: 0018/2024
Vervaldatum: Geen

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Adjunkdirekteure:
Distrikskorporatiewe Dienste, Kringbestuurders, Hoofde: Bestuur en Beheer, Prinsipale
en Voorsitters van beheerliggame van openbare skole

Kort opsomming: *Wysigings aan die Suid-Afrikaanse Skolewet waardeur gebruiksregte van die skool se vaste eiendom aan beheerliggame toegestaan word.*

Onderwerp: Wysigings aan die Suid-Afrikaanse Skolewet waardeur gebruiksregte van die skool se vaste eiendom aan beheerliggame toegestaan word

1. Hierdie omsendbrief herroep en vervang Omsendbrief 0031/2022, gedateer 15 September 2022, in sy geheel.
2. Die doel van hierdie omsendbrief is om alle skole van die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD) wat op staatsgrond geleë is en staatsgeboue beset, te adviseer en te herinner aan die verpligtinge van beheerliggame ingevolge artikel 36 van die Suid-Afrikaanse Skolewet (SASW), 1996 (Wet 84 van 1996).
3. Die Wysigingswet op Wette op Basiese Onderwys, 2011 (Wet 15 van 2011), soos gepubliseer in *Staatskoerant* No. 34620 van 19 September 2011, het, onder andere, artikel 36 van die SASW gewysig deur die byvoeging van die volgende subartikels:
“(4) (a) 'n Beheerliggame kan, met goedkeuring van die Lid van die Uitvoerende Raad—
 - (i) die vaste eiendom van 'n skool uithuur, beswaar, omskep, of verander om vir skoolaktiwiteite voorsiening te maak of om die skoolfonds van daardie skool aan te vul; en
 - (ii) enige persoon toelaat om enige onderneming op die skoleiendom te bedryf om die skoolfonds aan te vul.(b) 'n Beheerliggame mag nie enige aktiwiteite op skoleiendom toelaat wat gevaarlik of ontwrigtend vir leerders is of deur hierdie Wet verbied word nie.

- (5) By die toepassing van subartikel (4) beteken 'skooleiendom' vaste eiendom wat aan die staat behoort, met inbegrip van eiendom in artikels 13 en 55 beoog en enige vaste eiendom wat 'n skool met skoolfondse of skenkings aan die skool gekoop het."
4. Ingevolge artikels 13(2) en 36(1) van die SASW, erken die WKOD die reg van sy skole om vaste eiendom wat deur die staat besit word, vir opvoedkundige doeleindes tot voordeel van die skool te beset en te gebruik, asook die verantwoordelikheid van die beheerliggaam om alle redelike maatreëls te tref om die hulpbronne wat deur die staat verskaf word, aan te vul sodat die gehalte van onderwys wat deur die skool aan al sy leerders verskaf word, verbeter kan word.
5. Die WKOD wil egter graag die volgende onder die aandag bring van alle beheerliggame en prinsipale van openbare skole op staatseiendom:

5.1 **Gesag van die Provinsiale Minister van Onderwys**

Die Provinsiale Minister van Onderwys is die goedkeurende gesag vir die doel van die implementering van artikel 36(4) van die SASW. Die magte verleen aan die Provinsiale Minister deur artikel 36(4) beperk die gesag van die beheerliggaam om vaste eiendom van die skool te verhuur, beswaar, omskep of verander.

5.2 **Verantwoordelikhede van die beheerliggaam**

- 5.2.1 Ingevolge artikel 16(2) van die SASW staan 'n beheerliggaam "in 'n vertrouensposisie teenoor die skool". Daar word van alle beheerliggame verwag om ooreenkomstig aanvaarbare korporatiewe beheerbeginsels op te tree in die uitvoering van hul funksies. Die beheerliggaam moet omsigtigheidsondersoek oefeninge uitvoer ten opsigte van enige verstandhouding wat beheer en finansiële implikasies vir die skool inhou.
- 5.2.2 Die beheerliggaam moet verseker dat leerders wat lede van die beheerliggaam is, nie gebind word deur enige kontrak wat 'n beheerliggaam mag teken nie.
- 5.2.3 Artikel 20(1)(g) van die SASW verklaar dat die beheerliggaam "die skool se eiendom, asook die geboue en gronde deur die skool beset, met inbegrip van koshuise, administreer en beheer, maar die uitvoering van hierdie bevoegdheid moet op geen manier met die implementering van 'n besluit wat die Lid van die Uitvoerende Raad of Hoof van die Departement ingevolge enige reg of beleid geneem het, inmeng of dit andersins belemmer nie".
- 5.2.4 Alle besluite wat deur die beheerliggaam geneem word, moet in die beste belang van die leerders wees.

- 5.2.5 Wanneer 'n beheerliggaam van plan is om toe te laat dat die skool vir sakedoeleindes gebruik word, moet dit:
- (a) die nodige regs- en finansiële kundigheid aanwend om met kontraktuele eise te help;
 - (b) seker maak dat die kontrak wat geteken is, nie die skool in die toekoms benadeel nie (dit mag behels dat daar ooreengekom word oor inkomsteprojeksies wat op gesonde finansiële oorwegings gebaseer is);
 - (c) die plaaslike munisipaliteit of stadsraad nader om te verseker dat daar aan munisipale of raadsverordeninge voldoen word, veral wat hersonering betref;
 - (d) die veiligheidsimplikasies vir leerders en alle werknemers by die skool in ag neem deur kennis te neem van artikel 36(4)(b) van die Wet;
 - (e) seker maak dat die redes vir die aansoek waarna in paragraaf 5.4.1 hieronder verwys word, duidelik uiteengesit word sodat die Provinsiale Minister in staat is om 'n ingeligte besluit te neem; en
 - (f) bouplanne met deeglik berekende kostes saam met die aansoek voorlê, in gevalle waar die beheerliggaam aansoek doen om omskepping of verandering van staatseiendom.

5.2.6 Die beheerliggaam moet alle redelike stappe doen om te verseker dat die rustigheid in die woonbuurt waar die skool geleë is, sover moontlik vir inwoners gehandhaaf word.

5.3 Die WKOD se posisie en hersonering van grond

5.3.1 Die Departement van Infrastruktuur (Dvl) is die bewaarder van alle staatseiendom in die provinsie, en die WKOD het nie die regsbevoegdheid om af te wyk van bestaande hersoneringsreëlins nie. Die stadsraad of ander betrokke plaaslike owerheid is verantwoordelik daarvoor.

5.3.2 Dit bly die verantwoordelikheid van die betrokke skool om seker te maak dat geen sake- of handelonderneming wat die munisipaliteit se soneringsregulasies en verordeninge oortree, bedryf word nie.

5.3.3 Indien die aansoek waarna in paragraaf 5.4.1 hieronder verwys word met 'n hersoneringsaansoek verband hou, sal die Provinsiale Minister ook die goedkeuring van die Provinsiale Minister van Infrastruktuur hiervoor vra.

5.4 Aansoek aan die Provinsiale Minister ingevolge artikel 36(4)

5.4.1 'n Beheerliggaam moet by die Provinsiale Minister aansoek doen om vaste eiendom van die skool te verhuur, beswaar, omskep of verander, of om enige persoon toe te laat om enige onderneming op skoolseiendom te bedryf.

- 5.4.2 Die aansoek waarna in paragraaf 5.4.1 hierbo verwys word, moet:
- (a) voldoende redes vir die aansoek verskaf sodat die Provinsiale Minister 'n ingeligte besluit kan neem;
 - (b) aandui in watter mate die skool voordeel kan trek uit die geprojekteerde inkomste of wins van die maandelike huurder;
 - (c) gepaardgaan met bouplanne wat deeglik berekende kostes bevat, indien dit handel oor die omskepping of verandering van enige staatseiendom;
 - (d) 'n afskrif van die ooreenkoms vir die voorgestelde verhuring, beswaring en handels-/sakeonderneming insluit, met duidelike voorwaardes oor, onder andere,
 - (i) alle regte en verpligtinge van die kontrakterende partye;
 - (ii) die doel en duur van die kontrak; en
 - (iii) 'n bepaling dat die aktiwiteit nie gevaarlik of ontwrigtend vir leerders sal wees of deur die SASW verbied is nie; en
 - (e) 'n kort verklaring insluit oor hoe die beplande ooreenkoms die skool se toekomstige vereistes of volhoubaarheid sal verseker.
6. Die Provinsiale Minister sal aansoeke afsonderlik per geval hanteer.
7. Let daarop dat aansoeke wat met konstruksie verband hou, die volgende moet insluit:
- (a) 'n Aansoekbrief met 'n motivering wat die behoefte aan die projek in besonderhede uitlê;
 - (b) 'n Getekende notule van die beheerliggaamvergadering waar die projek goedgekeur is;
 - (c) Professionele boutekeninge wat 'n duidelike terreinplan insluit en waarin die grondvlak van alle bestaande geboue, paaie wat aan die skoolseiendom grens en die voornemende posisie van die voorgename geboue aangedui word;
 - (d) 'n Projekplan met besonderhede oor wie die koste sal aangaan en hoeveel vir die voorgename projek begroot is;
 - (e) Toepaslike ondersteuning van die distrikskantoor vir die projek;
 - (f) 'n Samewerkingsooreenkoms indien veelvuldige partye die geriewe gaan gebruik; en
 - (g) 'n Afsonderlike brief wat redes verskaf waarom prosedures nie gevolg is in die geval van fisiese skooluitbreidings en veranderinge of wysigings wat reeds aangebring is nie.
8. Indien skuld vir die projek aangegaan moet word, word daar van die skool verlang om by die betrokke distrikskantoor aansoek te doen vir goedkeuring om 'n lening aan te gaan.

9. Vir goedkeuring om die perseel te verhuur, moet 'n afskrif verskaf word van die voorgenome huurkontrak wat aangegaan gaan word. Dit sal ook skriftelik aan die Provinsiale Minister vir goedkeuring voorgelê word. Huurkontrakte behoort nie langer as nege jaar en 11 maande te wees nie en korter termyne word verkies sodat die eiendom nie vir te lank beswaar word nie.
10. Let asseblief daarop dat geen konstruksiewerk op die perseel mag begin voordat die Provinsiale Minister die betrokke projek afgeteken het en die Departement van Infrastruktuur die bouplanne goedgekeur het nie.
11. Die Provinsiale Minister sal nie aansoeke om fisiese skooluitbreidings en veranderinge of wysigings aan skoolbates terugwerkend goedkeur nie. Alle aansoeke wat ingedien word vir werk wat reeds begin het en of in sy geheel onderneem is, sal ondersoek word vir redes van prosedurele nienakoming en individueel met skole opgevolg word.
12. Aansoeke in hierdie verband moet aan die volgende e-posadres gerig word:
SGBinfraprojects@westerncape.gov.za
13. Die WKOD se beleid maak voorsiening vir 'n omkeertyd van ongeveer 90 dae. Ons versoek dat u voldoende tyd toelaat vir die afhandeling van die aansoekproses.
14. Indien u nie binne 30 nadat die aansoek ingedien is enige kommunikasie van die Departement ontvang nie, kan u die vordering van u aansoek met die beamppte aan wie hierdie aangeleentheid toegewys is, opvolg.
15. Hierdie omsendbrief moet saamgelees word met die riglyne wat in die aangehegte **Bylae A** en **B** vervat is.
16. Bring asseblief die inhoud van hierdie omsendbrief onder die aandag van alle personeel en lede van beheerliggame.

GETEKEN: B WALTERS

HOOF: ONDERWYS

DATUM: 2024-06-26